# Thato se verjaardagverrassing



Brad Cuzen • Corinne Lamoral Rosmarin • Jodi Houareau

# Thato se verjaardagverrassing

hierdie boek behoort aan





*Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.*

*Thato se verjaardagverrassing*
Illustrated by Brad Cuzen
Written by Corinne Lamoral Rosmarin
Designed by Jodi Houareau
Translated by Laetitia Bedeker
with the help of the Book Dash participants in Durban on 7 November 2015.

ISBN: 978-1-928442-31-8

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Thato se verjaardagverrassing



Brad Cuzen • Corinne Lamoral Rosmarin • Jodi Houareau

Thato verjaar oor 'n week.

Dit is nog sewe volle dae!





Sy ma sê:
"Jou verjaardaggeskenk is 'n GROOT verrassing!"

Thato wonder wat dit kan wees.





Maandag dink Thato:
"Miskien kry ek groot vlerke
sodat ek hoog in die lug soos 'n voël
kan vlieg ..."





Dinsdag dink Thato:
"Miskien kry ek 'n verjaardagkoek
wat so groot soos 'n huis is!"





Woensdag dink Thato:
"Miskien kry ek 'n vuurpyl om tot by die maan te skiet."





Donderdag dink Thato:
“Miskien kry ek vinne sodat ek soos
’n vis onder water kan swem.”





Vrydag dink Thato:
"Miskien kry ek towersokkerstewels
en teken 'n duisend doele *aan!*"



Saterdag dink Thato:
"Miskien kry ek 'n sleutel wat 'n
skatkis kan oopsluit!"



Sondag is Thato se verjaardag.
Mamma glimlag en sê:
“Kom kyk wat jou verrassing is!”



Dit is die beste geskenk ooit. Thato se ouboet, Kudzai, het al die pad uit die groot stad kom kuier!



Thato glimlag en glimlag. Sy ouboet lig hom hoog in die lug op en druk hom styf vas.

Kudzai vra: “Wat wil jy vir jou verjaardag hê, Kleinboet?”



En Thato weet presies wat hulle die hele dag lank gaan doen.



